2025

# DIE KOORD

## UNIVERSITEITSOORD



JULIE - AUGUSTUS

NO. 711

## ONS GEMEENTE WORD 65!

Beste Isabella, ek voel werklik geëerd dat ek
nog deel mag wees van hierdie fees-vieringe. Ek
vertrou dat dit 'n heuglike dag sal wees met 'n
dankbare terugblik op 60 jaar se Genade.
Ek stuur vir jou twee kort koraalvoorspele van
bekende liedere:

a) Alles is genade (Genade)

b) Here Jesus sien ons saam (Aanbidding)

Omdat ek onder omstandighede (na die val)
nie by 'n orrel kon uit kom nie, moes ek by die
klavier werk. Ek dink dit sal miskien nodig
wees om dit "orrelvriendelik" aan te pas. Jy is
meer as welkom om dit te doen, want -
die twee werkies word in liefde aan jou opgedra.

Met groot agting,

Chris Lamprecht. (Oom Chris)

28.06.2025

# PREEKBEURTE

**WEEK 1**
3 Augustus
**Tema: System Alert**
Oggend & Aand:
Christian Oberholzer

**WEEK 2**
10 Augustus
**Tema: Corrupt File Detected**
Oggend & Aand:
Anuschka Smit

**WEEK 3**
17 Augustus
**Tema: Storage Full**
Oggend & Aand:
Christian Oberholzer

**WEEK 4**
24 Augustus
**Tema: Battery Low**
Oggend & Aand:
Arno Meiring

**WEEK 5**
24 Augustus
**Tema: Restart Required**
Oggend & Aand:
Alicia Bosman

**WEEK 6**
7 September
**Tema: Ready to use**
Oggend & Aand:
Anuschka Smit




**WARNING!**
**SYSTEM UPDATE !!**
Hierdie tyd van die jaar begin jou geestelike stelsel waarskuwings wys dat dit aandag nodig het. Jy's besig, maar nie noodwendig naby aan God nie. Jy dra baie, maar groei min. Hierdie preekreeks is 'n uitnodiging om eerlik te kyk na die toestand van jou geestelike stelsel - vol waarskuwings wat jy dalk al lank ignoreer: system error, battery low, storage full... Met ses van Jesus se gelykenisse as gids, luister ons weer na God se stem wat sag maar dringend sê: "Kyk weer. Luister weer. Leef weer." Dis tyd vir 'n geloofs-update




## ALLE INLIGTING

*universiteitsoord.co.za/preekreeks*

# UITREIKE: HANDEVAT FIETSTOER

Die Handevat Fietstoer en Tshipise Vakansie-uitreik waar soveel herinneringe en vriende gemaak word elke jaar. Deur hierdie uitreike maak ons studente `n groot verskil in ons land en in die lewens van baie mense, maar kom hulle ook self baie verryk terug. Hulle beleef groei en verdieping in hul geloofslewe, en maak goeie vriende. Daarom moedig ons ons studente aan om op uitreike te gaan. Daar volg later die jaar nog uitreike waaraan die studente kan deelneem. Ons volgende uitreik: “Bosveld Toer” in September wanneer die studente die bosveld invaar en oral waar hulle gaan Jesus se liefde deel. Hou ons sosiale media dop vir meer inligting hieroor.

Ons het op koue kerksaalvloere geslaap, meer beskuit geëet as wat ons fiets gery het, bal gevang saam met kinders en stories uitgeruil met bejaardes. Ons het saam gebid en diep gesels oor die boek Eksodus. Die berge en dale het ons letterlik én figuurlik beleef – soos Psalm 121 dit so mooi beskryf. Soms het die “spokies” hul opwagting gemaak en ons aandag van die daaglikse take afgelei, maar gelag het ons gelag, en gesing het ons gesing – veral as Pieter-Steph du Toit se stem eers oor die speaker weergalm het.

Ons het God se handewerk gesien: in die heuwels rondom ons, in die mense wat hul eie lewens vir ’n oomblik stilhou om ons s’n makliker te maak, in die kinders wat ons van die Here agter die maan vertel het, in die stilte van Botswana se uitgestrekte vlaktes, en in die samesang om die kampvuur.

*Antoinette Swanepoel*



Die fietstoer het my laat besef, dis nie ek wat moeilike dinge kan doen nie, maar eerder God wat die onmoontlike deur my kan doen. God se werk begin by 'n bereidwillige hart.
Fillipense 4:13 - Ek is tot alles in staat deur Christus Jesus wat my krag gee.

*Inge Botes*










# UITREIKE: TSHIPISE









Iets ongewoon in die bosveld,
waar kampkos koning kraai.
Het met die unioord studente gebeur.
Het hulle koppe gedraai.

Of dit nou sokkie of poppekas.
Brannewyn of melktert.
Dalk middernag swemsessies?
Het hulle geleer hoeveel is hulle werd.

Tussen pootjie kos en pannekoek.
Roomys eet en kinderliedjies sing.
Het ons vertel van geduld en liefde,
en het ons vreugde gebring.

Maar bobbejaan klim saam berg,
en dit is vatlap verby.
Maar so leer studente,
baba dassies kan hulle harte verbly

Moenie bekommer as jy iets kort,
ons checkers karwag staan gereed.
Die seerovers partytjie in die kombuis,
en die pad na die swembad is breed.

Want as die son opkom,
bo die koppies van die bosveld,
en n nuwe dag breek aan.
Weet ons om hulp te vra is die ware held.

Van gelag na gehuil,
word vriendskap bande gebou.
Word ons almal gestuur,
om 'n kinder handjie vas te hou.

Zelia Boshoff









# GEMEENTEFEES




KASKAR is om die draai!
Op **1 Augustus** vanaf 15:00 gaan ons groot feesvier.
Ons orrelkonsert begin reeds 14:30.
Ons wil jou uitnooi om hierdie jaar se Bazaar weereens saam met ons te kom geniet.
ONS DAAG JOU UIT! Skryf jou span in vir ons kaskar-resies of kom eet net lekker saam! Van oud tot jonk, daar is iets vir almal. **SKRYF NOU IN!**

Daar gaan allerhande kosstalletjies, lekker musiek, trompoppies en 'n sokkie vir ons studente die aand wees.





Met hierdie unieke uitvoering bring verhoogkunstenaar Nataniël, orrelis Zorada Temmingh en pianis Charl du Plessis hulde aan merkwaardige vroue, hul werk, nalatenskap en invloed.
Komponiste, skrywers, sangeresse, aktrises, ontwerpers asook tydlose karakters uit rolprente, literatuur, Bybelverhale, kuns en teater word almal besoek met musiek en Nataniël se gewildste en nuutste stories. Dié drie kunstenaars was alreeds saam op die verhoog met verskeie vertonings in Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch. In hierdie vertoning bring hulle **BOEK • BYBEL • BIOSKOOP** na NG Universiteitsoord vir slegs een aand! Jy wil dit nie misloop nie!

Navrae: Heleen Moulder (082-443-9272)

*https://www.seatme.co.za/tc-events/nataniel-boek-bybel-bioskoop/*

# ORREL Konsertreeks 2025

## NG UNIVERSITEITSOORD



**24 Augustus** | 11:00 — Toccatas (a Family-affair)
*met Andrea Kayser-Mitas*
**Toegang: Donasie*

**21 September** | 11:00 — Kaleidoskoop
*met Hentus van Rooyen*
**Toegang: Donasie*

**28 September** | 11:00 — Tussen Hemel en Aarde
*met Ciska Range*
**Toegang: Donasie*

**9 November** | 11:00 — Albumvrystelling en Konsert
*met Isabelle van Rensburg*
**Toegang: Donasie*

**26 November** | 18:30 — Kerskonsert
*met verskeie plaaslike orreliste en soliste*
**Toegang: R100, ook beskikbaar op Quicket*

UniOord

universiteitsoord.co.za/musiek-en-konserte

## BYBELSKOOL

# HOU DIE DATUMS OOP




## WAT GEBEUR ALLES DIE SEMESTER?

Ons is reeds oor die helfte van die jaar, maar daar is steeds so baie om na uit te sien! Skryf solank die volgende datums is jou dagboek: **Straatbraai die 9de September**, 'n **Dinee die 4de Oktober en Pretdraf wat die 18de Oktober**, en almal is genooi om saam te stap of te draf.






UNIVERSITEITSOORD



## MEER INLIGTING

linktr.ee/universiteitsoord

## KONTAK ONS

**Kerkkantoor:**
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
**Maretha Minnaar**
Finansies & Admin
**Maryna Enslin**
Bemarking & Kommunikasie

**Koster & Besprekings:**
**Juan Ferreira**
084 588 4948
koster@unio.co.za

**Predikante:**
**Arno Meiring**
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za

**Anuschka Smit**
Amicus - Dagstudente
072 599 0695
anuschka@unio.co.za

**Christian Oberholzer**
Meraki - Koshuisstudente
082 349 7317
christian@unio.co.za

**Alicia Bosman**
Gemeentejaarstudent
083 488 4641

## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105,
Hillcrest, Pretoria, 0083

## PREEKBEURTE

universiteitsoord.co.za
/dienste

## KALENDER

universiteitsoord.co.za
/nuus




www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

## DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SnapScan

www.universiteitsoord.co.za